OKTOBER 2010

TUSSENTYDSE RESULTATE

Senwes

FINANSIËLE OORSIG

NETTO WINS NA BELASTING



R90 m

WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL



49,8 sent

EIE KAPITAAL VERHOUDING EKWITEIT ÷ TOTALE BATES



35%

INKOMSTE VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE



R4,1 miljard

BELANGRIKE OPERASIONELE INDIKATORS

- Hoë inname van somergrane en voorraadvlakke het ‘n goeie besigheidsbasis geskep
- Laer marges weens aanpassing in silo-tariefstrukture ten einde volhoubaarheid te verseker
- Kommoditeitspryse van mielies verhandel teen vlakke laer as uitvoerpariteit
- Heelgoedere en insetverskaffing toon lae aktiwiteit
- Verhoogde investering in graanvoorraad

SEGMENTRESULTATE – WINS VOOR BELASTING

MARKTOEGANG



R103 m

INSETVERSKAFFING



R32 m

KREDIETVERSKAFFING



R32 m

BEDRYFSOORSIG

PROFIEL

Senwes is 'n landboubesigheid geposisioneer in die graanwaardeketting tussen die plaashek (graanprodusent) en die graanmark (prosesseerders, handelaars ens). Senwes verskaf produksie-insette en kapitaalgoedere aan hoofsaaklik die graanprodusent waarna toegang tot die mark vir die klant se oesopbrengs bewerkstellig word. Finansiering en logistieke dienste verskaf die nodige waardetoevoegende finansiële en landboukundige dienste aan kliënte. Sake word hoofsaaklik in die Vrystaat, Noordwes, Gauteng en Noord-Kaap bedryf, asook internasionaal in die SAOG-streek. Die maatskappy is geverifieer as 'n vlak ses bydraer tot Swart Ekonomiese Bemagtiging.

BESIGHEIDSOORSIG – TUSSENTYDSE RESULTATE

Ondergemiddelde landbou- en besigheidstoestande het in die eerste ses maande van die finansiële jaar geheers. Vir byna die hele semester het kommoditeitspryse onder druk en selfs beduidend laer as uitvoerpariteitsvlakke verhandel. Produsente het vir die tweede opeenvolgende seisoen die verkoop van hul graan uitgestel in afwagting van moontlike prysstygings. Ten einde die produsent hierdie geleentheid te bied, is uitstelreëlings in plek gestel wat tot gevolg gehad het dat produksieskuld matig agterstallig geraak het. Produsente se vermoë om vroeë aankope van insette en kapitaalgoedere te doen, is daardeur beperk en het 'n negatiewe impak op die insetverskaffing- en meganisasiebesigheid se resultate teweeg gebring. Ten spyte van goeie somergraanopbrengste het selfs die produsent wat wel teen die lae kommoditeitspryse sy graan gelikwideer het, swakker boerderymarges gerealiseer. Weens die groot onsekerheid van die volgende seisoen het produsente hul beoogde aankope van insetmiddele gereserveer en hul kapitaal vervangingsprogram uitgestel.

Wat die marktoegang besigheid betref en in teenstelling met die vorige jaar, het die mark bepaalde "spread" geleenthede gebied en is groter graanverhandelingsposisies in toekomsmaande geneem. Dit veroorsaak dat die graaninkomste ook uitgestel is na die toekomsmaande en kan die twee jare se inkomstebasis nie vergelyk word nie. Senwes het ook sy tariefstruktuur hersien en het bepaalde marges ingeboet ten einde die kliënt meer volhoubaar te kan diens.

Die groep se omset het R4,1 miljard beloop teenoor R4,7 miljard gedurende die vorige tydperk (12%-afname), wat redelik in pas is met die vergelykende tydperk, terwyl die netto wins na belasting R90,2 miljoen beloop teenoor die vergelykende syfer van R146,7 miljoen – wat 'n 39%-afname verteenwoordig. Die Direksie is egter tevrede dat die resultate verteenwoordigend is van die huidige siklus en steeds 'n gesonde besigheidsbasis verteenwoordig.

Gegewe die geleenthede in die toekomsmaande is 'n groter belegging in die graankommoditeitsboek gemaak, wat 'n addisionele belegging van R448,6 miljoen sedert 30 April 2010 verteenwoordig. Die eie kapitaalverhouding van 35% is nog steeds binne die gestelde kapitaalhandhawingsriglyne terwyl die netto batewaarde sedert die vorige jaareinde van R5,86 na R6,19 per aandeel gestyg het.

PROGNOSE

'n Verwagte afskaling in aanplantings van 10% is deur die Nasionale Oesskattingskomitee (NOK) voorspel. Matige reënval, die huidige relatiewe lae kommoditeitsprys, die sterk rand, die huidige mieliesurplus en die hoë terughou van die vorige seisoen se produksie ondersteun die NOK se siening en voorspel 'n meer uitdagende seisoen vir die insetverskaffingsbeen. Daarteenoor – en ten spyte van die laer marges weens verlaagde silotariewe – is die verwagting dat die Graandivisie 'n goeie tweede semester sal beleef weens hoë volumes, beter as verwagte afnemerpremies en verbeterde voorraadbestuurspraktyke. Die Meganisasiebesigheid sal egter onder druk bly en na verwagting eers na normaal terugkeer ná die verloop van twee besigheidsiklusse. Die moeiliker landboutoestande sal ook na alle waarskynlikheid geleenthede skep vir konsolidasie en samesmelting, wat binne landbou onafwendbaar lyk. Die Senwes balansstaat sal na verwagting verder verstewig na gelang toekomstige graanposisies gelikwideer word, die hoë meganisasievoorraad uitbestuur word en die debiteureboek normaliseer.

DIVIDENDE

'n Tussentydse dividend van 10 sent per aandeel (2009: 25 sent per aandeel) is verklaar. Dividende sal op ongeveer 17 Desember 2010 aan aandeelhouers betaal word wat as sodanig in die aandeleregister op 3 Desember 2010 geregistreer is.

Met volmag van die Direksie

JE Grobler	F Strydom	CF Kruger
Voorsitter	**Besturende Direkteur**	**Direkteur: Finansies**

3 Desember 2010

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE	% verandering	6 maande geëindig 31 Oktober 2010 Onge-ouditeer R'm	6 maande geëindig 31 Oktober 2009 Onge-ouditeer R'm	12 maande geëindig 30 April 2010 Geou-diteer R'm
Inkomste	- 12,0%	**4 120**	4 694	9 039
Bedryfswins voor depresiasie en amortisasie (EBITDA)	- 20,4%	**211**	265	451
Depresiasie en amortisasie		**(19)**	(18)	(38)
Bedryfswins voor finansierings-koste (EBIT)	- 22,3%	**192**	247	413
Finansieringskoste		**(64)**	(38)	(85)
Wins na finansieringskoste	- 38,8%	**128**	209	328
Beleggingsinkomste		**-**	-	2
Wins na beleggingsinkomste	- 38,8%	**128**	209	330
Wins vanuit geassosieerdes		**2**	4	2
Wins voor belasting		**130**	213	332
Belasting		**(40)**	(66)	(123)
Netto wins vir die tydperk	- 38,8%	**90**	147	209
Ander omvattende inkomstes				
Billike waarde aanpassing op finansiële bates beskikbaar-vir-verkoop netto na belasting		**(2)**	4	-
Totale omvattende inkomste netto na belasting		**88**	151	209
Toeskryfbaar aan:				
Aandeelhouers		**88**	151	209
Rekonsiliasie: Wesensverdienste				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers		**90**	147	209
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting		**-**	-	(1)
Voorsiening vir aktuariële winste op pensioenfonds bydraes		**-**	-	(1)
Wesensverdienste		**90**	147	207
Geweegde gemiddelde aantal aandele uitgereik ('000)		**180 789**	180 789	180 789
Verdienste				
Verdienste per aandeel (sent)		**49,8**	81,3	115,6
Wesensverdienste per aandeel (sent)		**49,8**	81,3	114,4
Dividende				
Interim dividend per aandeel (sent)		**10,0**	125,0	125,0
Normaal		**10,0**	25,0	25,0
Spesiaal		**-**	100,0	100,0
Finale dividend per aandeel (sent)		**-**	-	15,0
Totale dividend per aandeel (sent)		**10,0**	125,0	140,0
Netto batewaarde				
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**619**	677	586

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE	Soos op 31 Oktober		Soos op 30 April
	2010 Onge-ouditeer R'm	2009 Onge-ouditeer R'm	2010 Geou-diteer R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	**228**	232	231
Belegging in geassosieerdes	**10**	9	7
Finansiële bates	**3**	4	4
Termyn debiteure	**230**	175	227
Uitgestelde belasting	**48**	43	39
	519	463	508
Bedryfsbates			
Voorraad	**1 541**	1 123	835
Handels- en ander debiteure	**1 078**	1 074	1 316
Agentskapsgraandebiteure	**94**	220	97
Kontant en kontantekwivalente	**10**	10	40
	2 723	2 427	2 288
Totale bates	**3 242**	2 890	2 796
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Kapitaal en reserwes			
Aandelekapitaal	**1**	1	1
Aandelepremie	**67**	67	67
Nie-verdeelbare reserwe	**-**	43	-
Behoue inkomste	**1 052**	1 112	991
	1 120	1 223	1 059
Nie-bedryfslaste			
Rentedraende langtermynlenings	**350**	350	350
Langtermyn werknemer voordele	**8**	10	7
Aftreevoordele – verpligting voorsien	**81**	77	79
	439	437	436
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	**584**	639	383
Rentedraende korttermynlenings	**987**	467	773
Lenings vanaf verwante partye	**80**	73	79
Voorsienings	**32**	53	66
	1 683	1 230	1 301
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**3 242**	2 890	2 796

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT

	6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	2010 Onge-ouditeer R'm	2009 Onge-ouditeer R'm	2010 Geou-ditеer R'm
Kontant deur bedryfsaktiwiteite gegenereer	**237**	322	516
Beleggingsinkomste	**-**	-	2
Belasting betaal	**(49)**	(45)	(110)
Finansieringskoste betaal	**(64)**	(38)	(79)
Kontantwins	**124**	239	329
Dividende betaal	**(27)**	(53)	(280)
(Verhoging)/verlaging in bedryfskapitaal	**(116)**	(136)	52
Kontantvloei uit bedrywighede	**(19)**	50	101
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	**(13)**	(40)	(46)
Netto kontantvloei voor finansieringsaktiwiteite	**(32)**	10	55
Netto kontantvloei uit langtermyn finansieringsaktiwiteite	**2**	-	-
Netto (afname)/toename in kontant beskikbaar	**(30)**	10	55
Netto korttermynlenings en kontant aan begin van tydperk	**40**	-	(15)
Netto korttermynlenings en kontant aan einde van tydperk	**10**	10	40

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Uitgereikte aandele-kapitaal R'm	Nie-verdeelbare reserwe R'm	Behoue inkomste R'm	Totaal R'm
Saldo 30 April 2010 (Geouditeer)	**68**	**-**	**991**	**1 059**
Netto wins	-	-	90	90
Dividende betaal	-	-	(27)	(27)
Billike waarde aanpassing	-	-	(2)	(2)
Saldo 31 Oktober 2010 (Ongeouditeer)	**68**	**-**	**1 052**	**1 120**
Saldo 30 April 2009 (Geouditeer)	**68**	**66**	**992**	**1 126**
Netto wins	-	-	147	147
Oordrag vanaf nie-verdeel-bare reserwe	-	(23)	23	-
Dividende betaal	-	-	(54)	(54)
Billike waarde aanpassing	-	-	4	4
Saldo 31 Oktober 2009 (Ongeouditeer)	**68**	**43**	**1 112**	**1 223**

AANTEKENINGE TOT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE

1. REKENINGKUNDIGE BELEID EN AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die Senwes Groep se finansiële state is opgestel volgens en voldoen aan die vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die finansiële state voldoen ook aan IAS 34 (Tussentydse Finansiële Verslagdoening) en tersaaklike wetsartikels van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 1973, soos gewysig. Die rekeningkundige beleid en aanbiedingsgrondslag is konsekwent toegepas met die van die vorige jare.

2. AANKOPE EN VERVREEMDING VAN EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING

Gedurende die ses maande tot 31 Oktober 2010 het die Groep eiendom, aanleg en toerusting ten bedrae van R16 miljoen aangekoop en R2 miljoen is vervreem.

3. VERWANTE PARTY TRANSAKSIES

3.1 Senwesbel en RBF Konsortium

Die direksies van Senwesbel Bpk (39,2% aandeelhouding) en RBF Konsortium (34,7% aandeelhouding) oefen beduidende invloed uit oor die beheer van die maatskappy. Dividende van onderskeidelik R10,6 miljoen en R9,4 miljoen is gedurende die tussentyd-perk aan Senwesbel en RBF onderskeidelik betaal. Rente van R2,5 miljoen is ook in hierdie tydperk aan Senwesbel betaal op die leningsrekening aan Senwes.

3.2 Handelsdebiteure – direkteure

Die handelsdebiteure bestaan uit produksiekredietrekenings sowel as ander rekenings waarvoor klante van die maatskappy kwalifiseer. Die toestaan van krediet, terugbetalingsvoorwaardes en rentekoers op die lenings is ooreenkomstig die maatskappybeleid wat geld vir al die klante van die maatskappy. Op 31 Oktober 2010 was die direkteure van die Groep R7,6 miljoen (R1,4 miljoen agterstallig) op bogenoemde rekenings verskuldig. Dit is toegestaan ingevolge die kredietbeleid en deur toepaslike sekuriteit ondersteun.

4. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE

4.1 Voorwaardelike aanspreeklikheid

Die Mededingingskommissie van Suid-Afrika vs. Senwes Bpk

Die Mededingingskommissie het in 2005 'n klagte van beweerde misbruik van dominansie en spesifiek prysdiskriminasie deur Senwes Beperk ("Senwes"), na die Mededingingstribunaal ("die Tribunaal") verwys. In 'n uitspraak wat op 3 Februarie 2009 gelewer is, het die Mededingingstribunaal Senwes onskuldig bevind op die twee klagtes wat na die Mededingingskommissie verwys is vir verhoor.

Gedurende die verloop van die verhoor het die Tribunaal egter tot die gevolgtrekking gekom dat Senwes die marges van mededingers in die graanverhandelingsmark onder druk geplaas het. Die oortreding word deur die Tribunaal hanteer in terme van artikel 8(c) van die Mededingingswet. Geen boete is van toepassing op die bevinding nie.

AANTEKENINGE TOT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE (VERVOLG)

Senwes het teen die bevinding geappelleer na die Appélhof en daar word verwag dat die saak in 2011 aangehoor sal word.

Ondersoek in die graansilo-industrie
Senwes is op Vrydag, 12 Maart 2010, deur die Mededingingskommissie in kennis gestel dat 'n ondersoek geloods is na rolspelers in die graansilo-industrie rakende beweerde oortredings van artikel 4(1) van die Mededingingswet, en dat dit na bewering saamgespan het in die bepaling van graansilotariewe.

Die Kommissie het alle rolspelers op 28 Mei 2010 skriftelik in kennis gestel dat die klagtes verwys sal word vir vervolging. Senwes verleen sy volle samewerking in dié saak, wat nog hangend is, in 'n poging om dit buite die hof te besleg.

Mashike & Ross (Trustees van die Treacle Fund II Trust) ("Treacle") teen Senwesbel en Senwes
Treacle, een van die minderheidsaandeelhouers in Senwes en lid van die Bafokeng Konsortium, het 'n aansoek gebring teen Senwes en Senwesbel (as tweede en eerste respondente) in terme waarvan beweer word dat die verkryging van Senwes aandele deur Senwesbel nietig is. Indien die aansoek slaag,

6. SEGMENTONTLEDING

		SEGMENTINKOMSTE		
		6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% verandering	**2010 R'm**	2009 R'm	2010 R'm
Kredietverskaffing	- 27%	**63**	86	139
Insetverskaffing (Village)	- 19%	**909**	1 118	1 943
Marktoegang (Grainlink)	- 10%	**3 115**	3 465	6 895
Diverse bedrywe	+ 30%	**30**	23	54
Normale bedryfsaktiwiteite	- 12%	**4 117**	4 692	9 031
Nie-toedeelbaar en Korporatief		**3**	2	8
Beleggingsinkomste		**-**	-	-
Totale inkomste		**4 120**	4 694	9 039
Wins voor belasting				
Belasting				
Wins na belasting				
Wins toeskryfbaar aan aandeelhouers				

AANTEKENINGE TOT DIE TUSSENTYDSE FINANSIËLE RESULTATE (VERVOLG)

sal Senwes verplig word om sy aandeleregister reg te stel. Senwes is van mening dat die aansoek nie meriete het nie en opponeer dit.

5. KAPITALE VERPLIGTINGE

Verbintenisse reeds gekontrakteer beloop R18 miljoen en sal gefinansier word uit kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite terwyl R4 miljoen gemagtig is deur die direksie, maar nog nie gekontrakteer is nie.

		SEGMENTRESULTAAT		
		6 maande geëindig 31 Oktober		12 maande geëindig 30 April
	% verandering	**2010 R'm**	2009 R'm	2010 R'm
	- 16%	**32**	38	58
	- 53%	**32**	68	96
	- 39%	**103**	169	236
	+ 50%	**6**	4	6
	- 38%	**173**	279	396
		(43)	(66)	(66)
		-	-	2
		130	213	332
		(40)	(66)	(123)
		90	147	209
		90	147	209

www.infoworks.biz

KORPORATIEWE INLIGTING

SENWES BPK
REGISTRASIENOMMER 1997/005336/06

DIREKTEURE
JE Grobler (Voorsitter), JDM Minnaar (Ondervoorsitter), F Strydom (Besturende Direkteur), CF Kruger (Direkteur: Finansies), JPL Alberts, JA Boggenpoel, SF Booysen, JBH Botha, JAE Els, AJ Kruger, NDP Liebenberg, J Mashike, M Pooe, WH van Zyl.
Alternatiewe direkteur: LM Ndala, Maatskappysekretaris: EM Joynt.

GEREGISTREERDE KANTOOR
Charel de Klerkstraat 1, Klerksdorp, 2571
Posadres: Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7800

OORDRAGSEKRETARISSE
Die Maatskappysekretaris
Posadres: P/a Die Sekretaris, Senwes Beperk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7104

AANDELEVERHANDELINGSKAMER
Senwes Verhandelingskamer
Posadres: Die Sekretaris, Senwes Bpk, Posbus 31, Klerksdorp, 2570
Telefoon: (018) 464-7105

www.senwes.co.za

Senwes